# DIENSKNEGTE VAN JESUS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Filippense 2:1-18**

**FILIPPENSE 2:1 As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,**
**Filippense 2:2 maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.**

**Filippense 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.**

**Fillipense 2:4 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.**

**Filippense 2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.**

**Filippense 2:6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,**

**Filippense 2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;**

**Filippense 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.**

**Filippense 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,**

**Filippense 2:10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,**

**Filippense 2:11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.**

**Filippense 2:12 Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;**

**Filippense 2:13 want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.**

**Filippense 2:14 Doen alles sonder murmurering en teëspraak,**

**Filippense 2:15 sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,**

**Filippense 2:16 deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.**

**Filippense 2:17 Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal;**

**Filippense 2:18 en om dieselfde rede moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly.**

-o0o-

Baie mense wonder altyd: *Hoe kan ek die wêreld oortuig van Christus Jesus? Hoe kan ek sondige mense oortuig van Christus Jesus?*

-o0o-

Daar is baie mense wat dink hulle moet nie met die mense van die wêreld assosieer nie. Nee mense, ons moet een ding mooi verstaan, dat:

- sodra ons "fellowship" (geestelik met mekaar verkeer*)*, is ons in gemeenskap *(fellowship)* met die Gees van die Here wat in die Liggaam van Christus Jesus is.
- Jy kan nie met iemand anders in deelgenootskap *(fellowship)* wees nie,
- Aangesien, sodra so 'n persoon nie die Gees van die Here in hom het nie, kan jy nie met hom eendragtig verkeer *(fellowship)* nie,
- Want dit is nie jy wat in gemeenskap *(fellowship)* is nie, dit is nie jy wat een word nie.

**EENHEID**

Efésiërs 4:4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;

Efésiërs 4:5 een Here, een geloof een doop,

Efésiërs 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.

Daar is nie verskillende geeste nie, so as ons, die engese woord sê dit mooi "fellowship" - een word met die Here,

- ❖ dan word ons **een in die Liggaam van Christus** met die Gees van God wat in ons is.
- ❖ Die **Gawes** wat outomaties klaar daar in die Liggaam is, word dan bekragtig deur die Heilige Gees se werking,
  - deur die Salwing wat in ons is,
  - waarmee ons dan mekaar bedien tot opbouing van die Liggaam, sê die Here in Sy Woord.
  - Die vyfvoudige bediening funksioneer dan, en dit is nie titels nie, tot opbouing van die Liggaam,
  - sodat ons kan uitgaan en die werk kan gaan doen, wat ons moet doen tot uitbreiding van die Koninkryk
- ❖ en sodoende dan, word die **Vader verheerlik** ..... daardie 3 punte.

Dit is nie nodig dat ons almal altyd met 'n Bybel moet rondloop en preek nie, want baie het nie daardie potensiaal of die kennis nie. Baie het dit nie om net te praat nie, weens hulle onvermoë. Mense, ons is almal verskillend - verskillende mense, want God het ons almal so geskape. Die Gees van die Here het ons wel so toeberei dat ons ALMAL getuies kan word vir Christus Jesus. Almal is veronderstel om diensknegte van Christus daar buitekant te wees. Sodra ons dit, wat ons in die byeenkoms (fellowship) ontvang het uitlewe, dan bedien ons met dit wat ons daar ontvang het.

Met ander woorde, dáár in die samekoms van die heiliges het ons die broodjie gebreek, dit geëet en nou gaan ons uit, gebruik daardie krag wat die Brood ons gegee het om te gaan werk. Dit is eintlik hoe dit werk.

Nou wil ek julle net weer vanmôre vat na Fillipense 2 toe. Hy begin daarby dan sê Hy:

Filippense 2:1 As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,

Met ander woorde, Hy sê, as hierdie goed, wat jy sê is deel van jou lewe, dan kom soek Hy dit by jou.

- Ek kom soek die troos van Christus in jou;
- Ek kom soek die vertroosting van die liefde by jou;
- Ek kom soek die innige gemeenskap van die Gees.

Jy sien nou, die gemeenskap van die Gees. Wanneer die gelowiges bymekaar kom, is dit 'n gemeenskap van die Gees, nie vlees nie, maar GEES! Die hoofpersoonlikheid in hierdie gemeenskap, in hierdie samekoms van die heiliges, is die HEILIGE GEES. Mense, nie ek en jy of 'n titel of enige iets nie, maar die Heilige Gees, want Hy weet hoe om elkeen te bedien. Daarom sê die Bybel een het n lied, een het 'n psalm, een het 'n dit, die ander het 'n dat, tot opbouing van die Liggaam, daar sê Hy dit:

-o0o-

…as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,

Met ander woorde as hierdie dinge, hierdie eienskappe van die Heilige Gees in jou of in die gemeenskap en samekoms van die heiliges teenwoordig is, moet hierdie dinge plaasvind.

Jy kan hulle weer gaan kyk, die vertroosting van die
- liefde,
- die gemeenskap van die Gees,
- tederheid,
- innige tederheid,
- ontferming,

Filippense 2:2 maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.

Nie verskillend nie! EEN ! Een van Gees en een van siel, een van sin, met ander woorde in dieselfde gesindheid. Hy sê die blydskap moet volkome wees deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê. Dieselfde liefde van CHRISTUS JESUS.

**BOODSKAP DRAERS**

Ons kan nie anders nie mense. Ons het nie ‘n ander voorbeeld nie, ons het nie ‘n ander voorganger nie. Christus Jesus was vir ons die perfekte voorbeeld wat God, die Vader ons daargestel het, sodat Hy die moederskoot geopen het en dit is hoekom Hy vir Sy dissipels sê:

Matthéüs 28:19 Gaan dan heen en maak dissipels, leer hulle om ALLES te onderhou wat Ek julle beveel het.

Hy bedoel: *Ek was die perfekte voorbeeld wat die Vader vir julle gestuur het, volg nou My voorbeeld na en doen wat Ek julle geleer het, dis al.*

**MINDER VAN MYSELF**

Dan sê Hy:

Pilippense 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie,

Sien julle dit daar? Moenie dit doen omdat jy self raakgesien wil word, omdat jy jouself wil verhoog, selfsug of uit ydele eer nie, of titels wil genoem word, al hierdie goeters, of raakgesien wil word. Kom ons los daardie ene daar, maar in nederigheid. Luister baie mooi wat Hy sê hierso - maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Dit beteken, jy moet altyd die mense wat jy bedien, al is hulle miskien laer in die Gees as jy, dit maak nie saak nie, dit het niks met jou te doen nie, hulle altyd hoër ag as jouself. So, as jy iemand bedien of die Here plaas iemand in jou Hande, moet jy daardie persoon altyd hoër as jouself ag.

**ONDERWERP JOUSELF**

Mense, daarom sê ek vir jou, diensknegskap is om te “submit” (onderwerp) onder iemand. Met ander woorde, jy gaan onder daardie persoon in en jy lig daardie persoon op sodat hy/sy ‘n beter lewe kan hê, sodat daardie persoon uit sy/haar omstandighede kan uitstyg. Die Here het jou en die gawes in jou nodig.

Babiloniese sisteem werk anders, hulle vertrap jou van bo af en hulle sal jou dieper trap net om oor jou te heers. Liefdeloos en koud, harteloos en gevoelloos. Hulle sal jou nog dieper en dieper trap - ons sien dit elke dag in die wêreld daar buitekant. Ons hoef nie eers vêr te gaan soek nie.

-o0o-

Hier sê Hy:

Filippense 2:4  Julle moet nie elkeen na sy eie  ....

Kom ons gaan net weer na die vorige vers,

Filippense 2:3  Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Met ander woorde, as jy mense bedien moet jy hulle altyd hoër ag as jouself.

**STEL ANDER SE BEHOEFTES BO JOUNE**

Filippense 2:4  Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n

Dit beteken, 'n ander persoon se behoeftes en belange is meer belangrik as myne. As ek my goed eerste stel, onthou, dan is dit vlees en die vlees kan nooit versadig word nie. Dan sal ek net altyd wil hê en hê en my begeerte sal nooit tot vervulling kan kom nie.  Ek sal nooit die geleentheid kry om te gee of daar buitekant te help nie.  Jy moet egter altyd eers gaan sit en bepeins, *wie het dit meer nodig as ek.  Wie kan nie daarsonder klaarkom nie?*  Altyd bedien, mense ! Hulle behoeftes en hulle belange moet altyd meer belangrik wees as joune. Dit is diensknegskap!

**CHRISTUS SE GESINDHEID**

Filip. 2:5  Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was

Hy was vir ons die Voorloper, Hy was vir ons die perfekte voorbeeld. Hy het dit aan ons kom stel soos ek dit nounet gesê het, ons moet dit net volg. Kom ons kyk watter voorbeeld het Hy vir ons gestel:

Filip. 2:6  Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie

Want Hy was God, Hy IS God. So, dit is nie roof dat Hy sê *Ek is God* nie, of 'n Kind van God nie, of Ek is die Seun van die Allerhoogste God nie, nee, nee, Hy IS dit!  Maar kom ons kyk - Hy het die volste reg om daardie outoriteit en gesag toe te eien (claim), want Hy is GOD. Hy sou nie die Godheid beroof het om dit te sê nie, want Hy IS dit.

Filip. 2:7  maar het Homself ontledig

Hy het Homself kaal uitgetrek - Homself gestroop van hierdie Godheid - van hierdie reg om God te wees,

maar Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;

Mense, nou dis nou 'n ding waarmee ek dikwels vir die Here sê: *Ek verstaan dit nie. My menslike verstand is te klein, te eenvoudig, dat 'n Lewende Almagtige, noem dit wat jy ookal wil, want jy kan dit elk geval nie beskryf nie, dat hierdie God Homself so vêr verneder het om met my as sondaar een te wil word en in my plek kom sterf het*.

Mense, ek is eerlik met julle, ek kan dit tot vandag toe nog nie verstaan nie, ek glo dit, maar die logika agter dit alles, kan ek of aan 'n mens nie verklaar nie, want ek kan dit vir myself nie eens verklaar nie; ek verstaan dit net nie. Net God verstaan dit.  Ek dink nie daar is een mens op aarde wat dit vir ander mens kan verduidelik hoe kan so 'n groot God, so 'n Heilige God, Homself sover verneder om 'n dienskneg vir my te wil word, om vir my te wil kom sterf nie.

Daar sê Hy dit:

Filippense 2:8  en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Filip. 2:9  Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

-o0o-

Filip 2:10  sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
Filip. 2:11  en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader

**WORD BRUIKBAAR**

Dan bemoedig hy mens net:

Filip. 2:12  Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;

Filip. 2:13  want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Filip. 2:14  Doen alles sonder murmurering en teëspraak,

Hier leer ons:  Vergun die Heilige Gees kans om julle bekwaam vir dit waarvoor God julle wil gebruik. Dit is ‘n binnekamer saak hierdie. Laat toe dat die Heilige Gees jou gebruik. Dit maak nie saak watter aangeleentheid of watter werk jy moet doen nie.

Ek vertel altyd vir die mense in die kursusse waar ek en my vrou begin het .... om publieke toilette skoon te maak - swart kroeë se toilette in Lydenburg. Dit is waar ons begin het - die eerste taak wat die Here ons gegee het. En ja, dit was nie ‘n aangename saak nie, maar ons moes daar begin het. As dit nie vir ons goed genoeg was nie, het ons misluk.  Dan het ek en my vrou nie vandag gestaan waar ons is nie. Maar dit was die plek waar die Here ons op daardie stadium wou gehad het.

Filip. 2:14  Doen alles sonder murmurering en teëspraak

Filip. 2:15  sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van ‘n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,

So, jy moet eers die pad loop wat die Heilige Gees wil hê wat jy moet stap, asook hierdie hele saak wat ek nou behandel het. Dan, eers op die einde van die dag, sal die Here Homself, as Hy jou op daardie punt gebring het, Homself aan jou openbaar, nie AAN jou nie, **DEUR** jou, aan die wêreld daar buitekant.

Hy sê:

Filip. 2:15  sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van ‘n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld.

Met ander woorde, jy sal miskien nie alles hê wat die wêreld het nie, maar jy het Christus, en as ‘n mens Christus het, het jy ALLES. Dan is jy tevrede;  dan is jy gelukkig; dan sal die Here self verder met jou werk. Dit is hoe jy jou lig daar buitekant vir die wêreld kan laat skyn, sodat die wêreld Christus Jesus in jou lewe kan sien.

Flippense 2:16  deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot ‘n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.

Php 2:17  Maar al word ek as ‘n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal;

Php 2:18  en om dieselfde rede moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly.

Dit maak nie saak wat die pad is wat die Here wil hê jy moet loop nie, die oomblik as jy jou skeppingsdoel vervul, sal jy

- die gelukkigste mens wees op aarde.
- Jy sal alles doen met ‘n glimlag,
- jy sal alles doen sonder murmurering,
- jy sal alles doen sonder teëspraak,

-o0o-

Dit sal vir jou ‘n plesier wees, want jy is in daardie plek wat God vir jou geskape het, wat Hy vir jou beplan het. Daar sal vir jou geen groter vreugde wees nie, want die blydskap van die Here is binne-in jou en die Heilige Gees funktioneer DEUR jou.  Dit is hoekom jy dikwels nie kan begryp dat  mense wie in baie moeilike en verskillende omstandighede is, ander bedien nie - jy verstaan dit nie, maar die geluk, die vrede van die Here is op hulle – sigbaar in hulle lewe.

So, moenie die dinge najaag van die wêreld nie, mense, jaag na dit wat God vir jou beplan het om te wees, en word ‘n dienskneg soos Christus Jesus vir ons daar gestel het.

Mag die Here julle seën!

Mag die Here hierdie woord seën,

Mag hierdie woord in elkeen van julle se lewens posvat en mag dit vir julle veel vrug dra sodat die wêreld kan sien dat die Lig van die Heilige Gees en Christus Jesus se Liefde en Ontferming en Blydskap en alles wat mooi is van Hom, uit julle uit kan skyn vir hierdie wêreld, sodat julle ware getuies kan wees as diensknegte van die Allerhoogste God.

Laat dit goed gaan!

**1 Korinthiërs 14:26** Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle ‘n psalm of ‘n lering of ‘n taal of ‘n openbaring of ‘n uitlegging—laat alles tot stigting geskied

-o0o-

**Bykomende Inligting**
In die Bybel beteken **onderwerping aan God** (submit) om Sy wil, gesag en leiding vrywillig te aanvaar en te gehoorsaam. Dit is 'n demonstrasie van vertroue en gehoorsaamheid, nie swakheid nie.
Hier is Bybelse maniere oor hoe om jouself aan God te onderwerp:

- **Erken God se Oppergesag:** Onderwerping begin met die erkenning dat God die hoogste gesag het en dat Sy plan die beste is, selfs wanneer dit nie heeltemal verstaan word nie.
- **Bestudeer Sy Woord:** Om God se wil te ken, moet jy die Bybel lees en bestudeer. Dit is die basis vir geloof en bied leiding vir 'n lewe wat Hom behaag.
- **Lewe in Gebed:** Deur aanhoudende gebed kan jy met God kommunikeer, Sy vergifnis, wysheid en leiding soek, en dankbaarheid uitspreek. Bid in geloof en in ooreenstemming met Sy wil.
- **Weerstaan die Duiwel:** Jakobus 4:7 sê: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug". Onderwerping aan God stel jou in staat om geestelike weerstand teen versoeking te bied.
- **Vernuwe jou Denke:** Moenie aanpas by die patrone van hierdie wêreld nie, maar word verander deur die vernuwing van jou gemoed, sodat jy kan onderskei wat God se goeie en volmaakte wil is (Romeine 12:2).
- **Leef as 'n Lewende Offer:** Stel jouself en jou begeertes as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer aan God. Dit beteken om jou vleeslike (aardse) begeertes te kruisig en te fokus op wat God wil.
- **Doen wat Reg is:** Onderwerping word weerspieël in dade van goedheid, geregtigheid en waarheid. Jy moet 'n lewe lei wat vir die Here aanneemlik is.

In essensie is onderwerping 'n daaglikse, hartgrondige keuse om God eerste te stel in alle aspekte van die lewe.

-o0o-